**RAPPORT, 2 APRIL 2006**

**JOHANNESBURG FINAAL**

Nuus bl. 2

## KORTLIKS

# Reën in SA dorp besoedel

Pretoria. -- Die reën in Amersfoort, Mpumalanga, is net so erg besoedel soos in die ergs besoedelde plekke in Amerika en Europa.

Volgens prof. Kobus Pienaar, direkteur van die Noordwes-universiteit se skool vir chemie, bied die vlak van reënbesoedeling in Amersfoort 'n toekomsblik op hoe atmosferiese besoedeling reën in Afrika kan raak wanneer meer ontwikkeling plaasvind.

Pienaar, 'n spreker op 'n beraad van die SuidAfrikaanse netwerk vir omgewingswaarnemings (Saeon), sê Amersfoort se vuil reën word deur veldbrande en vuil lug van Gauteng en die groot nywerhede in Mpumalanga veroorsaak. Die dorp is wind-af van hierdie gebiede geleë.

Pienaar se navorsingsgroep is deel van 'n internasionale program waarin gekyk word na neerslag uit die atmosfeer. Reënmonsters word op verskillende plekke in Suider-Afrika versamel en na Frankryk gestuur vir chemiese ontleding.

Die suurreën in die Amersfoort-gebied word veroorsaak deur hoë vlakke van swael- en stikstofoksied, wat gewoonlik onder meer daartoe lei dat goed vinniger roes. -- **Carien Fourie**